**15 November**
**Skrifgedeelte: Johannes 4:1-30**
**Fokusgedeelte: Johannes 4:4 (OAV)**

**Die groot DORS geles – deur Goddelike beskikking**

Die koms van die Here Jesus na die aarde om die sondedors van die mens weg te neem, is ‘n genadige ontmoeting met die mens. In die verhaal van die Samaritaanse vrou sien ons dat dit deur God se beskikking is dat dié dors met lewende water geles word. Ons lees dié Skrifgedeelte dat die Here Jesus deur Samaria “moes” reis. God beskik hierdie gebeure. Dit was nie maar ‘n willekeurige keuse om dié besondere pad te kies nie. Vanaf Judea, waar die Here was, was daar twee paaie na Galilea: die een gaan met die Jordaandal na Galilea; die ander een gaan deur Samaria.

Om onaangenaamhede met die Samaritane te voorkom, is die pad deur Samaria deur die Jode vermy, alhoewel dit die kortste en veiligste pad was.

Jesus Christus reis egter nou met die pad deur Samaria (Joh 4:4): “En hy moes deur Samaria gaan.” Die motivering vir die “moes” kan wees dat dit die kortste en die veiligste pad was. Ons moet egter die beskikking van die Here in die woord sien. *Die Verlosser moet ook hier optree as die Middelaar*. Die Samaritane het ook ‘n behoefte aan die ware redding wat alleen by Jesus Christus te vind is.

In ons menslike lewens lê daar ook die Goddelike *moes*. Om dit raak te sien, is ‘n gawe van die Here aan ons. As ons dit eenmaal raakgesien het, verander ons lewe van ‘n sleurgang na ‘n blye jubeling. Dit is die verrassende beskikking wat God in ons lewens bring!

*Sing: Psalm 40:1 Ds G du Plessis (Emeritus)*